higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

MEDIESE PRAKTYK N4

(Eerste Vraestel)

(9090154)

15 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–11:00

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MEDIESE PRAKTYK N4
(Eerste Vraestel)
TYD: 2 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae in AFDELING A.
2. Beantwoord enige DRIE van die vier vrae in AFDELING B.
3. Lees AL die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

Beantwoord AL die vrae in AFDELING A.

VRAAG 1

1.1 Verduidelik elk van die volgende anatomiese terme:

1.1.1 Posterior

1.1.2 Lateraal

1.1.3 Inferior

1.1.4 Eksterne

1.1.5 Proksimaal

1.1.6 Plantaar

1.1.7 Adduksie

1.1.8 Fleksie

1.1.9 Pronasie

1.1.10 Fossa

(10 × 2) (20)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Meiose is die proses van selverdeling met twee identiese dogterselle as gevolg.

1.2.2 Koolhidrate en vette is ’n belangrike deel van ’n gebalanseerde dieet.

1.2.3 Vitamien C help om gesonde weefsel in stand te hou.

1.2.4 Hik word veroorsaak deur spasmas van die biseps.

1.2.5 Die bragiale arterie is in die arm geleë.

1.2.6 ’n Sfigmomanometer word gebruik om temperatuur te meet.

1.2.7 Die limfstelsel help die liggaam om van gifstowwe ontslae te raak.

1.2.8 Die milt tree op as ’n bloedfilter.

1.2.9 Uitspoeling ('Douching') is ’n betroubare vorm van voorbehoeding.

Kopiereg voorbehou

1.2.10 Onbehandelde sifilis ontwikkel deur ses fases. (10 × 2) (20)
[40]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B


Beantwoord enige DRIE van die vier vrae in AFDELING B.

VRAAG 2

2.1 Noem VIER faktore wat 'n rol speel in die leeromgewing en intelligensie van 'n kind. (4)

2.2 Gee TWEE voorbeelde van motoriese ontwikkelingsmylpale vir babas van 12 maande. (2 × 2) (4)

2.3 Bestudeer die onderstaande FIGUUR en benoem elke gedeelte wat op die skets aangedui word. Skryf slegs die antwoord langs die letter (A–E) in die ANTWOORDBOEK neer.



[Aangepas vanuit: http://msjensen.cbs.umn.edu/webanatomy/image_database/Reproductive/female-repro.gif]

FIGUUR (5 × 1) (5)

2.4 Verduidelik die verhouding tussen spermtelling, vrugbaarheid en onvrugbaarheid. (2 × 1) (2)

2.5 Verduidelik en gee redes of jy die ritmemetode en coitus interruptus sal aanbeveel vir paartjies wat swangerskap wil verhoed. (5 × 1) (5)
[20]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

3.1 Noem DRIE seksueel oordraagbare siektes wat behandelbaar, maar ongeneeslik is. (3)

3.2 Noem TWEE siektes waarteen kinders in Suid-Afrika ingeënt word. (2)

3.3 Noem DRIE van die hoofhormone wat die menstruele siklus reguleer. (3)

3.4 Watter raad kan aan 'n MIV-geïnfekteerde persoon gegee word om hulle te help om gesond te bly? (7 × 1) (7)

3.5 Wat moet oorweeg word of watter vrae moet gevra word as 'n voorbehoedingsmetode gekies word? (5 × 1) (5)

[20]

VRAAG 4

4.1 Noem die VIER hoofsoorte weefsel. (4)

4.2 Noem die VIER breinlobbe. (4)

4.3 Wat moet gedoen word as 'n pasiënt 'n hartaanval in die wagkamer kry? (7 × 1) (7)

4.4 Noem die kriteria wat 'n persoon kwalifiseer om bloed te skenk. (5 × 1) (5)

[20]

VRAAG 5

5.1 Noem VIER abnormale waarnemings in uriene. (4)

5.2 Noem VIER interne organe van die manlike voortplantingstelsel. (4)

5.3 Beskryf die pad van kos deur die spysverteringskanaal deur elke orgaan in die korrekte volgorde te noem: van waar die kos die liggaam binnegaan totdat dit as afvalstowwe uitgeskei word. (7 × 1) (7)

5.4 Waarom is dit so belangrik om 'n gesonde, gebalanseerde dieet te hê wat alle nodige voedingstowwe bevat? (5 × 1) (5)

[20]

TOTAAL AFDELING B: 60
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou